basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE ASSESSERING
VOORBEELD VRAESTEL

2023

GRAAD 9

Vak: Lewensoriëntering

Punte: 70

Tyd: 120 Minute

15 minute leestyd **uitgesluit**

VOORBEELD VRAESTEL

Hierdie toets bestaan uit 21 bladsye uitsluitend die voorblad.

Instruksies aan leerders:

1. Jy sal 15 minute leestyd ontvang voordat jy hierdie vraestel begin beantwoord.
2. Lees alle instruksies en vrae noukeurig deur.
3. Beantwoord alle vrae.
4. Beantwoord al die vrae op die antwoordblad.
5. Skryf netjies en leesbaar.

Die toets begin op die volgende bladsy.

VOORBEELDVRAESTEL

Wag vir die instruksie voordat jy omblaai.

AFDELING A

Vraag 1

Kies die korrekte opsie uit die moontlike antwoorde wat gegee word. Skryf net die nommer en letter.

1.1 Wat is die vier verpligte vakke in Grade 10-12?

A Twee amptelike tale: ‘n Huistaal en ‘n Eerste Addisionele Taal, Wiskunde of Fisiese Wetenskap en Lewensoriëntering

B Twee amptelike tale: ‘n Huistaal en ‘n Eerste Addisionele Taal, Wiskunde of Wiskunde Geletterdheid en Lewenswetenskappe

C Twee amptelike tale: ‘n Huistaal en ‘n Eerste Addisionele Taal, Wiskunde of Wiskunde Geletterdheid en Lewensoriëntering

D Twee amptelike tale: ‘n Huistaal en ‘n Eerste Addisionele Taal, Wiskundige Kopbewerkings of Wiskunde Geletterheid en Lewensoriëntering (1)

1.2 In Grade 10 tot 12 is vakke gegroepeer in agt studierigtings.
Keusevakke is vakke wat in spesifieke studierigtings gegroepeer is om leerders voor te berei vir toekomstige loopbaanpaaie.
Watter groep vakke kwalifiseer as keusevakke?

A Tale, Wiskunde en Rekenaartoepassingstegnologie
B Fisiese Wetenskap, Lewenswetenskap en Rekenaartoepassingstegnologie
C Inligtingstegnologie, Verbruikerstudies en Wiskunde Geletterheid
D Rekenaartoepassingstegnologie, Besigheidstudies en Wiskunde (1)

VOORBEELD VRAESTEL

1.3 Om die regte vakke te kies in Graad 10 kan ‘n stresvolle ervaring wees. Watter persoonlike kwaliteite moet in ag geneem word wanneer vakkeuses ondersoek word?

A potensiaal, sterkpunte, swakhede en vermoëns
B sterkpunte, swakhede, stokperdjies en houding
C vermoëns, houding, selfbewustheid en belangstellings
D sterkpunte, swakhede, vermoëns en belangstellings (1)

1.4 Mpho stel belang om ‘n veearts te word. Sy help haar bure deur na hulle troeteldiere te kyk wanneer hulle weg is vir werk of op vakansie is. Watter verpligte vakke gaan sy benodig om aansoek te doen vir Veeartsenykunde?

A Huistaal, Wiskunde, Lewenswetenskap en Fisiese Wetenskap
B Addisionele Taal, Wiskunde, Lewenswetenskap en Fisiese Wetenskap
C Huistaal, Wiskunde, Lewenswetenskap en Tegniese Wetenskap
D Addisionele taal, Wiskunde, Lewensoriëntering en Fisiese Wetenskap (1)

1.5 Kyk na jou Graad 9 Junie eksamen uitlslae. Jou Ekonomiese en Bestuurswetenskappe prestasie was 90%.
Watter keusevak pakket sal die beste by jou pas in Graad 10?

A Besigheidstudies, Ekonomie en Rekeningkunde
B Besigheidstudies, Toerisme en Rekeningkunde
C Verbruikerstudies, Ekonomie en Rekeningkunde
D Verbruikerstudies, Ekonomie and Toerisme (1)

VOORBEELD VRAESTEL

1.6 Die meeste tieners hoor die woorde ‘leer en dink’ slegs by die skool.
Kies die mees gepaste definisie van lewenslange leer.

A leer totdat jy matriek voltooi
B leer deur praktiese opleiding
C leer totdat jy ‘n diploma voltooi het
D leer aanhoudend deur die lewe (1)

1.7 Doelwitstelling is ‘n vaardigheid wat ontwikkel kan word en jou kan help om suksesvol te wees.
Wat is die eienskappe van doelwitstelling?

A Doelwitte moet gefokus en moeilik wees.
B Doelwitte moet uitdagend wees om motiverend te wees.
C Doelwitte moet objektief wees om motiverend te wees.
D Doelwitte moet vasgestel wees om motiverend te wees. (1)

1.8 Rasheeda is in Graad 9. Sy hou van dans en wil gekies word vir die hoofrol in die Dans Akademie se pantomime oor ses weke. As sy suksesvol is, is daar ‘n kans dat sy gekies kan word en ‘n beurs kan ontvang om dans te studeer na skool.
Watter doelwit wil Rasheeda bereik?

A om ‘n hoofrol te kry in die musiek akademie
B om ‘n hoofrol te kry in die dans akademie
C om ‘n hoofrol te kry in die kuns akademie
D om ‘n hoofrol te kry in die toneelspel akademie (1)

VOORBEELD VRAESTEL

1.9 Doelwitte moet meetbaar oor tyd wees.
Indien Rasheeda gekies word vir die hoofrol in die pantomime, watter tipe doelwit sal sy bereik?

A korttermyn doelwit
B medium termyn doelwit
C langtermyn doelwit
D lewenslange doelwit (1)

1.10 Watter aksie moet Rasheeda neem sodat haar doelwit ‘n realiteit word?

A kry genoeg rus
B word vroeër wakker
C verbeter voeding
D oefen daagliks (1)

1.11 Wat is die tydperk wat Rasheeda het om haar doelwit te bereik en te kwalifiseer vir die beurs?

A een jaar
B twee jaar
C drie jaar
D vier jaar (1)

1.12 Alle loopbane vereis ‘n vorm van volgehoue leer.
Watter van die onderstaande aspekte is die belangrikste wanneer dit kom by loopbaankeuses en lewenslange leer?

A kennis en vaardighede
B belangstellings en vermoëns
C sterkpunte en swakhede
D kennis en vermoëns (1)

VOORBEELD VRAESTEL

1.13 Motorwerktuigkundiges herstel voertuie en vervang hul parte vir klante. Hul take sluit die herstel van die voertuig se meganiese komponente, diagnostiese toetse op motors/vragmotors en herstelwerk in.
Wat is die vereistes om ‘n motorwerktuigkundige te word?

A Minimum Graad 9 sertifikaat; geen verpligte vakke nie; voorgestelde vakke: Wiskunde en Fisiese Wetenskap

B Geniet om probleme op te los; kennis hê oor masjiene en hoe hul werk; dit geniet om met hul hande te werk en moet fisies sterk wees

C Teoretiese opleiding in ‘n kollege; praktiese opleiding onder toesig van ‘n vaardige ambagsman en handeldryftoets is verpligtend

D Drie jaar nasionale diploma in Motor Meganika, vier jaar B Tech graad aan ‘n universiteit; een jaar diploma in professionele Motor Meganika aan ‘n tegniese- of privaat kollege (1)

1.14 Lakeisha is ‘n Graad 9 leerder wat daarvan hou om te sing. Sy wil ‘n loopbaan in musiek volg, maar haar ouers wil hê sy moet ‘n ingenieur word.
Watter besluitnemingstappe moet Lakeisha volg om die beste keuse uit te oefen?

A Identifiseer die problem; dink aan moontlike oplossings; noem die voor- en nadele van elke keuse; besluit wat die beste keuse is

B Noem die voor- en nadele van haar keuse; werk die probleem uit; identifiseer ‘n oplossing; besluit wat die beste keuse is

C Besluit wat die beste oplossing is; noem die voor- en nadele van haar keuse; besluit wat die beste keuse is; identifiseer die oplossings

D Identifiseer oplossings; besluit wat die beste oplossing is; noem die voor- en nadele; werk die probleem uit (1)

VOORBEELD VRAESTEL

1.15 Dimitri wil ‘n Aandelemakelaar wees en by die Johannesburgse Aandelebeurs werk.

Watter vakpakket sal in sy guns tel?

A Rekeningkunde, Besigheidstudies, Ekonomie en Wiskunde Geletterdheid
B Rekeningkunde, Besigheidstudies, Ekonomiese Bestuurswetenskappe
C Rekeningkunde, Besigheidstudies, Ekonomie en Verbruikerstudies
D Rekeningkunde, Besigheidstudies, Ekonomie en Wiskunde (1)

1.16 ‘n Loopbaan word gedefinieer as ‘n reeks werksgeleenthede wat jou lei om nader aan jou loopbaandoelwitte en visie vir die lewe te kom.

Sipho presteer baie goed in Drama en Musiek. Watter loopbaan sal die beste by hom pas?

A Gesondheidsdienste
B Menslike dienste
C Besigheid en Tegnologie
D Kuns en Kommunikasie (1)

1.17 Die Departement van Basiese Onderwys wil vir leerders ‘n sertifikaat gee na die voltooïng van Graad 9, maar dit alleen berei hul nie voor op die wêreld van werk nie.

Wat is die opsies beskikbaar na die voltooïng van Graad 9?

A Hoër Onderwys en Opleiding, Nasionale Beroepsopleiding
B Nasionale Beroepsopleiding en Verdere Onderwys en Opleiding
C Algemene Onderwys en Opleiding, Nasionale Beroepsopleiding
D Hoër Onderwys en Opleiding en Nasionale Beroepsopleiding (1)

VOORBEELD VRAESTEL

1.18 Doelwitte is spesifiek, duidelik en wel gedefinieerd. Om spesifiek te wees oor jou doelwitte maak dit makliker om hulle te bereik.
Watter kenmerke beskryf ‘n spesifieke doelwit die beste?

A ‘n Doelwit moet gekoppel word aan baie idees.
B ‘n Doelwit moet gekoppel word aan baie planne.
C ‘n Doelwit moet gekoppel word aan een idee.
D ‘n Doelwit moet gekoppel word aan een plan. (1)

1.19 Gemeenskapsgeweld is ‘n maatskaplike kwessie wat onmiddelike aandag en optrede vereis. Jongmense en bejaardes is die kwesbaarste individue waar geweld voorkom.
Waar vind bendegeweld meestal plaas?

A huis
B biblioteek
C taverne
D kerk (1)

1.20 Die meeste skole het anti-boelie veldtogte om bewusmaking te kweek dat afknouery ook ‘n vorm van geweld is.
Watter een van die volgende is ‘n fisiese teken van afknouery?

A huiwerig om skool toe te gaan
B akademiese prestasie val
C onverklaarbare kneusplekke
D dikwels alleen (1)

VOORBEELD VRAESTEL

1.21 Die 16 Dae van Aktivisme Veldtog bevorder ‘n einde aan geweld teenoor kinders en vroue.
Wat is die mees gepaste beskrywing van die veldtog?

A Dit is ‘n internasionale veldtog; dit vind plaas vanaf 25 November elke jaar.
B Dit is ‘n Suid-Afrikaanse veldtog; dit vind plaas vanaf 25 November elke jaar.
C Dit is ‘n provinsiale veldtog; dit vind plaas vanaf 25 November elke jaar.
D Dit is ‘n distriksveldtog; dit vind plaas vanaf 25 November elke jaar. (1)

1.22 Geweld teen vroue en kinders is algemeen in Suid-Afrika.
Waarom is vroue en kinders meer gereeld slagoffers van geweld?

A Hulle ervaar geslagsongelykheid, armoede, misbruik van alkohol en ander middels, frustrasies en gebrek aan geleenthede. Gebrekkige kommunikasie en blootstelling aan geweld kom voor.
B Hulle ervaar geslagsgelykheid, armoede, misbruik van alkohol en ander middels, frustrasies en gebrek aan geleenthede. Gebrekkige kommunikasie en blootstelling aan geweld kom voor.
C Hulle ervaar geslagsongelykheid, armoede, misbruik van nie-alkoholiese en ander middels, frustrasies en gebrek aan geleenthede. Gebrekkige kommunikasie en blootstelling aan geweld kom voor.
D Hulle ervaar geslagsongelykheid, armoede, misbruik van alkohol en ander middels, frustrasies en gebrek aan geleenthede. Maklike kommunikasie en blootstelling aan geweld kom voor. (1)

VOORBEELD VRAESTEL

1.23 Daar kom groot geraas vanaf jou bure se huis. Dit blyk dat die man besig is om sy vrou te slaan en sy skree om hulp.
In hierdie situasie, watter van die volgende alternatiewe sal die beste aksie wees om te neem?

A Bel die polisie en vertel hulle wat besig is om te gebeur.
B Gaan na die bure se huis en beveel hulle om te stop.
C Gaan na die bure se huis en slaan die man.
D Ignoreer dit, want dit is nie jou besigheid nie. (1)

1.24 Graad 9 seuns was laat vir klas en die onderwyser het lyfstraf toegepas. Die volgende dag het ‘n seun nie skool toe gegaan nie as gevolg van ‘n geswelde arm en toe mis hy ‘n toets.
Onderskei tussen fisiese- en emosionele mishandeling.

A Fisiese mishandeling is ‘n onbedoelde daad wat beserings en liggaamlike leed veroorsaak. Emosionele mishandeling is om te kritiseer en ander mense te manipuleer.
B Fisiese mishandeling is ‘n doelbewuste daad wat beserings en liggaamlike leed veroorsaak. Emosionele mishandeling is om te kritiseer, in die verleentheid te stel, te verkleineer en te blameer of ander mense te manipuleer.
C Fisiese mishandeling is ‘n doelbewuste daad wat beserings en emosionele skade veroorsaak. Emosionele mishandeling is om ander mense te prys en te respekteer.
D Fisiese mishandeling is ‘n doelbewuste daad wat beserings en liggaamlike leed veroorsaak. Emosionele mishandeling is om trauma en angs in ander mense te veroorsaak. (1)

VOORBEELDVRAESTEL

1.25 Mense is minder gretig om besighede te begin in ‘n gemeenskap met ‘n hoë voorkoms van geweld.
Hoe affekteer geweld die ekonomie in ‘n gemeenskap?

A Mense verloor hul werk en werkloosheid vermeerder.
B Verhoogde ekonomiese groei en beleggingsgeleenthede vind plaas.
C Mense verloor hul werk en werkloosheid neem af.
D Verhoogde ekonomiese groei en indiensnemingskoers vind plaas. (1)

1.26 Hoe beinvloed geweld gemeenskappe op ‘n sosiale wyse?

A Mense kan sosiale byeenkomste bywoon.
B Mense het selfvertroue en praat oor geweld.
C Mense word bang en onseker.
D Mense sien huishoudelike insidente van geweld. (1)

1.27 Godsdiens kan gedefinieer word as ‘n georganiseerde sisteem van godsdienstige gelowe, seremonies en reëls wat baie belangrik is vir ‘n spesifieke groep.
Wat word bedoel met ‘diverse godsdiens in die Suid-Afrikaanse gemeenskap’?

A dieselfde mense met verskillende godsdienstige gelowe en praktyke
B verskillende mense met verskillende godsdienstige gelowe en praktyke
C dieselfde mense met eenderse godsdienstige gelowe en praktyke
D verskillende mense met eenderse godsdienstige gelowe en praktyke (1)

VOORBEELD VRAESTEL

1.28 Sport etiek is om die regte ding te doen en te verseker dat die byeenkoms regverdig is en deur almal wat betrokke is, geniet word.
Watter een van die volgende beskryf die etiese kode van toeskouers die beste?

A respekteer die besluit van die skeidsregter
B maak positiewe kommentaar en ontmoedig die spanspelers
C wys ondersteuning vir die spelers of span deur hul te kritiseer
D om te onthou dat die span speel vir die toeskouers se genot (1)

1.29 Vele godsdienste beskou vroue as versorgers van die huishouding en daar word van hul verwag om die groter verantwoordelikheid vir die opvoeding van kinders te onderneem.
Watter strategieë kan toegepas word om respek te demonstreer vir verskillende godsdienstige sienings van geslag?

A Doen navorsing, luister na ander perspektiewe, wees gaaf en leer oor ander gelowe
B Doen navorsing, luister na ander perspektiewe, wees jouself en oorweeg jou eie geloof
C Doen navorsing, luister na ander perspektiewe, wees gaaf en kritiseer jou eie geloof
D Doen navorsing, luister na ander wêreldsienings, wees jouself en oorweeg jou eie geloof (1)

VOORBEELD VRAESTEL

1.30 Om ander te respekteer en in vrede te lewe is die middelpunt van alle groot godsdienste in die wêreld.
Wat is die 'goue reël' van alle godsdienste as 'n oproep tot vrede en verwerping van alle oorlog en geweld?

A Behandel ander soos jy wil hê hulle jou moet behandel.
B Behandel ander Christene soos jy wil hê hulle jou moet behandel.
C Behandel ander Moslems soos jy wil hê hulle jou moet behandel.
D Behandel ander Jode soos jy wil hê hulle jou moet behandel. (1)

1.31 Wat is die ooreenkoms tussen Islam en Christenskap?

A ondersteun geen geweld en help ander
B moedig oorlog en selfverdediging aan
C bevorder onderdrukking en vervolging
D ondersteun verwerping en geweld (1)

1.32 Wat is depressie?

A Dit is 'n mediese toestand wat jou toelaat om 'n normale lewe te lei.
B Dit is 'n mediese toestand wat jou minder gespanne laat voel.
C Dit is 'n mediese toestand wat jou die heeltyd laat ongelukkig voel.
D Dit is 'n mediese toestand wat jou toelaat om lewensuitdagings te hanteer. (1)

VOORBEELD VRAESTEL

1.33 Trauma verwys na ‘n gebeurtenis of omstandighede wat deur ‘n individu ervaar word. Dit kan fisies of emosioneel skadelik of lewensbedreigend wees en het blywende effekte.
Wat is die tekens van trauma?

A voel vreesbevange en hulpeloos
B voel angstig en entoesiasties
C voel bang en verwaarloos
D voel ontspanne en slapeloos (1)

1.34 Leerders in omtrent elke klaskamer ervaar rou en dit affekteer hul leer.
Wat is die beste verduideliking vir rou?

A Dit is psigiese lyding wat jy voel wanneer jy iemand of iets verloor het.
B Dit is sosiale lyding wat jy voel wanneer jy iemand of iets verloor het.
C Dit is emosionele lyding wat jy voel wanneer jy iemand of iets verloor het.
D Dit is fisiese lyding wat jy voel wanneer jy iemand of iets verloor het. (1)

1.35 Waar kan jy by die skool hulp kry wanneer jy met uitdagende situasies sukkel?

A uitgebreide familie en vriende
B skoolberader en Lewensoriëntering onderwyser
C skoolveldtogte en klasmaats
D kyk You Tube videos en die lees van boeke (1)

VOORBEELD VRAESTEL

1.36 Rou is dikwels pynlik. Mense ervaar almal rou en druk dit uit op hul eie unieke wyse.

Watter reeks emosies beskryf die fases van rou?

A ontkenning, woede, depressie, onderhandeling, aanvaarding
B aanvaarding, onderhandeling, depressie, woede, ontkenning
C onderhandeling, depressie, woede, ontkenning, aanvaarding
D depressie, woede, ontkenning, aanvaarding, onderhandeling (1)

1.37 As jy alkohol gebruik, mag dit jou dalk vir ‘n rukkie beter laat voel, maar dit help nie om jou probleme op te los nie.

Watter advies sal jy vir ‘n depressiewe tiener gee wat dwelms en alkohol misbruik, om probleme meer produktief te hanteer?

A Skree op die tiener en oorreed ander om hom/haar te slaan.
B Oorreed die tiener om met ‘n onderwyser/berader of volwassene te praat wat hy/sy vertrou.
C Oorreed die tiener om sover as moontlik weg te hardloop totdat die omstandighede verbeter.
D Oorreed die tiener om om hulp te skree en te hoop dat ‘n bystander sal help. (1)

VOORBEELDVRAESTEL

1.38 Uitdagende situasies moet gebruik word as leer geleenthede sodat ons situasies beter in die toekoms kan hanteer.
Wat is die vaardighede en benaderings wat gebruik moet word wanneer ons met moeilike situasies te doen kry?

A Besef dat jy ‘n keuse het in hoe jy moeilike situasies hanteer; gee op; bou ‘n goeie ondersteuningsisteem; moenie jou humeur verloor wanneer jy kwaad is nie; blameer ander vir hoe jy voel en dink voordat jy optree.

B Besef dat jy ‘n keuse het in hoe jy moeilike situasies hanteer; moenie opgee nie; bou ‘n goeie ondersteuningsisteem; verloor jou humeur wanneer jy kwaad is; blameer ander vir hoe jy voel en dink voordat jy optree.

C Besef dat jy nie ‘n keuse het in hoe jy moeilike situasies hanteer nie; moenie opgee nie; bou ‘n goeie ondersteuningsisteem; moenie jou humeur verloor as jy kwaad is nie; blameer ander vir hoe jy voel en dink voordat jy optree.

D Besef dat jy ‘n keuse het in hoe jy moeilike situasies hanteer; moenie opgee nie; bou ‘n goeie ondersteuningsisteem; moenie jou humeur verloor as jy kwaad is nie; moenie ander blameer vir hoe jy voel nie en dink voordat jy optree. (1)

VOORBEELD VRAESTEL

1.39 Voordat jy aan enige fisiese aktiwiteit deelneem, moet veiligheidsmaatreëls nagekom word.
Waarom is dit belangrik om op te warm en af te koel gedurende fisiese aktiwiteit?

A om die spiere voor te berei; seerheid te verminder; verlaag die risiko van besering; en laat geleidelike herstel toe.
B om die liggaam voor te berei; seerheid te verminder; verlaag die risiko van besering; en laat geleidelike herstel toe.
C om die spiere voor te berei; seerheid te verminder; verhoog die risiko van besering; en laat geleidelike herstel toe.
D om die liggaam voor te berei; verhoog seerheid, verminder die risiko van besering; en laat geleidelike herstel toe. (1)

1.40 Liggaamlike Opvoeding voorsien kognitiewe inhoud en instruksies wat ontwerp is om motoriese vaardighede, kennis en gedrag vir fisiese aktiwiteit en fisiese fiksheid te ontwikkel.
Wat beteken die term ‘rotasie’?

A draai in die rondte totdat jy in die teenoorgestelde rigting kyk
B draai in die rondte totdat jy vanself stop
C draai in die rondte totdat jy weer in dieselfde rigting kyk
D draai in die rondte totdat jy moeg word (1)

1.41 Watter opsie definieer die woord ‘balans’ die beste?

A ‘n gelyke verspreiding van gewig wat iemand laat val
B ‘n ongelyke verspreiding van gewig wat iemand laat val
C ‘n ongelyke verspreiding van gewig wat iemand laat reggop bly
D ‘n gelyke verspreiding van gewig wat iemand laat reggop bly (1)

VOORBEELD VRAESTEL

1.42 Wanneer vind elevasie plaas in Liggaamsopvoeding?

A wanneer die liggaamsdeel ondertoe beweeg word
B wanneer die liggaamsdeel boontoe beweeg word
C wanneer die liggaamsdeel na links beweeg word
D wanneer die liggaamsdeel na regs beweeg word (1)

[42]

VOORBEELD VRAESTEL

AFDELING B

Vraag 2

Lees die volgende scenario en beantwoord die vrae wat volg.

Siphokazi het hulp nodig

Siphokazi is ‘n Graad 9 leerder by Saint Patricks Hoërskool. Sy is baie gespanne, want sy is nie seker wat sy in die toekoms wil wees nie. Haar beste vriendin, Ann, is goed in Wiskunde en Fisiese Wetenskap en wil ‘n mediese dokter wees.

Siphokazi is bekommerd, want dit blyk of almal presies weet wat hulle wil doen.

[Aangepas van www.google theguardian.com, toegang op 2 April 2023]

Wat moet Siphokazi doen om haar sterkpunte, swakhede, belangstellings en vermoëns te identifiseer? Noem **TWEE** wyses en verduidelik elk. (4)

Vraag 3

Noem en verduidelik **DRIE** tipes befondsing of befondsers wat jou kan help om verder te studeer. (6)

VOORBEELD VRAESTEL

Vraag 4

'n Huis wat tot as gebrand het

[Aangepas vanaf Google Images, toegang op 3 April 2023]

Gee **DRIE** voorstelle vir hoe jy vrywilliglik die familie wat deur die vuur geaffekteer is kan bystaan. Motiveer jou voorstelle. (6)

Vraag 5

Na 'n onregverdige besluit by 'n sokker wedstryd tussen twee plaaslike skole gemaak is, het 'n groot bakleiery uitgebreek en een seun is noodlottig gesteek. Bespreek **EEN** sport etiek beginsel wat toegepas kon word om sulke gedrag te voorkom. Motiveer jou antwoord. (2)

Vraag 6

Bespreek volledig **TWEE** oorsake van depressie. (4)

VOORBEELD VRAESTEL

Vraag 7

Bestudeer die uittreksel en beantwoord die vraag wat volg.

Middelmisbruik bly 'n uitdaging

Tieners wat dwelms of alkohol misbruik, gaan waarskynlik niemand daarvan vertel nie. Inteendeel, gaan hulle so geheimsinnig as moontlik wees. Een van die eerste oplossings is om te herken dat die persoon middels misbruik. As jy veranderinge in jou vriend of familie waarneem, kan dit tekens van middelmisbruik wees. Jy kan 'n sleutelpersoon wees om jou vriend te help om die situasie te hanteer.

[Aangepas van https://www.news24.com.Toegang op 4 April 2023]

Noem en verduidelik **DRIE** voorstelle wat 'n tiener sal help om alkohol en dwelm misbruik te hanteer. (6)

[28]

[70]

VOORBEELD VRAESTEL

Einde van toets

VOORBEELD VRAESTEL